

'n **ONBLUSBARE** gees:
gestremde swem
medaljes los

So lyk ons
kampusse
nou

Koning
vorstelik
ingehuldig as
Kanselier



NWU | Visie, Waardes & Missie

VISIE

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewende na kennis en innovasie.

WAARDES

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

MISSIE

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die Universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

Ontmoet die Institusionele Bestuur



Lede van die Institusionele Bestuur is agter van links: prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie, prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus en mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling. Voor van links is prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur, dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, dr Theuns Eloff (Visekanselier), me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge en prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekampus.

Inhoud

NWU in fokus

Visie, waardes en missie
Ontmoet die Institusionele Bestuur

- 2 Redaksioneel
Boodskap van die Institusionele Direkteur:
Korporatiewe Kommunikasie
- 3 Boodskap: Visekanselier, Dr Theuns Eloff

Groeteboodsappe

- 4 Kontak met NWU-alumni verwelkom –
Mnr FW de Klerk
Dié kampus bied geleenthede vir groei –
Mnr Heinrich Kriel
- 5 Alumni is 'n waardevolle bate –
Dr Ngoato Takalo
Sal ons ou kennisse ooit vergeet?
Mnr Johan van Rensburg en me Rina Hugo

Artikels

- 6 Kanselier en Visekanselier vorstelik ingehuldig
- 9 Universiteit pronk met ses volstruisvere in sy hoed

Kampusnuus

- 10 Voorste kerningenieur sluit by die
Mafikengkampus aan
'n Padda is méér as 'n ding wat spring
Kampus hou kleurvolle kultuurfees
- 11 Bekende skrywers deel van Skool vir Tale
Gedenklesing vir prof Jacob Setshedi
Ligte! Kamera! Aksie!

Alumni-uitblinkers

- 12 Wêreldklas kernkragkenner kom van Mafikeng
- 14 Syferslim alumnus maak geskiedenis
- 15 Alumnus bestuur Kanadese Indiane se finansies

Profiel

- 16 Met 'n onblusbare gees bly sy bo

Onderrig-leer

- 18 Topdosente kry erkenning
- 19 Taaldirektoraat tem die taalperd

Navorsing

- 20 Mees produktiewe navorser: Prof Rothmann wen wéér
Hulle is meesters op hul gebied
- 21 Wetenskaplikes ontvang erkenning van NASA

Gemeenskapsbetrokkenheid

- 22 Kundigheid maak 'n verskil

Alumni-aktiwiteite


- 23 Meer as honderdduisend alumni is reeds op rekenaar
Word deel van die Konvokasie
- 24 Alumni hou makietie dat die stof so staan
- 25 Moenie volgende jaar se pret misloop nie

Kyk hoe lyk ons nou

- 26 Studentelewe kry nuwe woema
- 28 Infrastruktuur is prioriteit op dié kampus
- 30 Váál is dié kampus beslis nie

Ontmoet die Raad

- 32 Raad hou 'n wakende oog



Redaksie

Kopie: Nelia Engelbrecht, Pheny Mokgothu, Susan van Rooyen, Kiewiet Scheppel, Vincent Eastes, Annette Willemse en Alwine Naudé Vertaalwerk: Willie Cloete, Marietjie Delport en Wilna Liebenberg Foto's: Nelia Engelbrecht, Gordon Harris, Lesley Kock, Adriaan van der Walt, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel en Annette Willemse Ontwerp, uitleg en drukwerk: Infoworks, Klerksdorp. Hierdie publikasie word saamgestel en uitgegee deur Korporatiewe Sake en Verhoudinge, NWU.



Redaksioneel

Nelia Engelbrecht

DEKADES GELEDE HET EK as eerstejaarstudent met bewende knieë en groot drome op die kampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) aangekom.

Daardie dag voor die dameskoshuis, Oosterhof, het ek nooit gedink dat ek jare later sou help om die Noordwes Universiteit se eerste alumni-tydskrif saam te stel nie. Trouens: destyds kon ek glad nie voorsien dat 'n instelling soos die NWU in 2004 gebore sou word nie.

Wanneer ek dink aan die verhaal van die NWU tot nou toe, kom 'n paar bekende aanhalings uit die film- en TV-wêreld by my op.

Kort ná die samesmelting het menige student en persoonlik aan die NWU hulle waarskynlik in vreemde vaarwater bevind. Soos die karakter, Dorothy, in The Wizard of Oz sê: "Toto, I've got a feeling we're not in Kansas anymore."

Dit het inderdaad vir baie mense nie meer soos Kansas gevoel nie. Dit was ook nie meer Kansas nie. Dit was 'n splinternuwe instelling.

U terugvoer op hierdie eerste uitgawe van die alumni-tydskrif is vir ons baie belangrik. Laat weet ook wat u dink hierdie tydskrif se naam moet wees. Stuur gerus enige kommentaar en/of voorstelle oor die naam aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of faks dit na (018) 299 4938, of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom 2520. Onthou, geselsbriewe is ook baie welkom!

Dié nuwe instelling het gou meer geword as die som van sy afsonderlike dele. "Sinergie" noem dr Eloff dit. Daar was verskillende faktore wat in die jong universiteit se guns getel het. Die NWU kon byvoorbeeld put uit die trotse verlede van die dele waaruit dit saamgestel is. Daarby was die unieke talente en kundigheid van sy diverse gemeenskap 'n teelaarde vir innovasie en voortreflikheid.

Die suksesvolle uitkoms van die samesmeltingsproses herinner aan die karakter uit die bekende TV-reeks, The A-Team, wat sê: "I love it when a plan comes together."

Veral wanneer 'n mens kyk na die talle pryse wat die NWU die afgelope jare verower het (artikel op p9) is dit duidelik: sake het werklik volgens plan verloop.

Dit is vir ons 'n groot lekkerte om julle met hierdie tydskrif deel te maak van die NWU se verhaal. Saam met Dorothy van The Wizard of Oz het ons in 2004 die ou, bekende landskap van Kansas agtergelaat. Maar intussen het ons 'n nuwe tuiste gevind. Vandag is ons almal deel van die NWU: 'n toonaangewende universiteit in Suid-Afrika en 'n trotse baken van innovasie en uitnemendheid in die Noordwes-provinsie.

Die NWU gaan die toekoms tegemoet met vasberadenheid om steeds hoër hoogtes te bereik. Soos die karakter in die film, The jazz singer sê: "You ain't heard nothin' yet!"

Ek is seker julle sal met my saamstem: die verhaal van die NWU verdien voorwaar 'n Oscar!

Lekker lees,

Nelia Engelbrecht

Boodskap van die Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie

Louis Jacobs

DIT MOES SEKER AL lankal plaasgevind het. Uiteindelik is hier 'n publikasie vir die alumni van al drie kampusse van die Noordwes-Universiteit, en voorwaar nog 'n mylpaal in die reeds ryke geskiedenis van hierdie instelling.

Institusionele Korporatiewe Sake en Verhoudinge is verantwoordelik vir, onder meer, kommunikasie met al die belanghebbendes van die NWU. Hoewel die Bemakings- en Kommunikasie-departemente op die onderskeie kampusse gereeld met hul alumni skakel, is die behoefte aan 'n allesomvattende kommunikasie-instrument geïdentifiseer.

Met hierdie tydskrif wil ons u nie net op hoogte hou van onlangse verwikkelinge nie, maar ook 'n oorsig gee van hoe verskeie alumni die nasionale en internasionale wêreld beïnvloed. Synde self 'n alumnus, en met dié dat ek ná so baie jare weer by die instelling aangesluit het, laat dit my

beslis trots voel en gee dit aan my 'n gevoel van samehorigheid wanneer ek daardeur blaai.

Alhoewel hierdie uitgawe die eerste een is, is daar groot planne in die pylyn om te verseker dat al die alumni positief met die tydskrif kan identifiseer. Met u bystand kan ons selfs 'n groter bydrae lewer om te verseker dat ons die diversiteit omarm wat die basis van die NWU op 'n innoverende manier uitbeeld.

Aan elkeen wat tot hierdie tydskrif bygedra het – julle kan juis op die skouer klop. 'n Spesiale woord van gelukwensing vir my kollega en die redakteur van hierdie publikasie.

Geniet wat u lees en onthou dat ons daarna uitsien om u bydraes te ontvang.

Louis Jacobs





Visekanselier Dr Theuns Eloff

DIE GEBOORTEPROSES VAN DIE Noordwes-Universiteit (NWU) in 2004 was nie maklik nie.

Trouens, om uiteenlopende instellings soos die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Noordwes in Mafikeng te verenig en die studente en personeel van die Sebokengkampus van die voormalige Vista-Universiteit te inkorporeer, was 'n reusetaak.

Wat die deurslag gegee het, was die feit dat almal werklik wou slaag. Dit het daartoe bygedra dat die NWU nie net die gepaardgaande uitdagings suksesvol hanteer het nie, maar ook vandag 'n mate van wasdom bereik het. Dit blyk uit die erkenning wat belangrike rolspelers die afgelope jare aan die NWU verleen het – lees gerus die artikel op p9.

'n Ander bydraende faktor was die feit dat ons ná die samesmelting doelbewus in die eerste plek daarop gefokus het om ons kernbesigheid – onderrig-leer, navorsing en die implementering van ons kundigheid – stabiel te hou en te verbeter, terwyl ons tweedens begin het met 'n proses van volhoubare transformasie.

Hierdie deurdragte benadering het tot groei op verskeie terreine gelei.

Wat onderrig-leer betref:

- Die voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) het van 75,2% in 2004 tot 81,2% in 2008 toegeneem.
- Die graadvoltooiingskoers (getal grade as % van totale studentetal) het van 24% in 2004 tot 26% in 2008 toegeneem.
- Altesaam 12 337 grade is in 2008 toegeken, 'n styging van 21,7% sedert 2004 (9 657).

Wat navorsing en nagraadse onderrig betref:

- Die getal PhD's wat toegeken is, het met 13% van 87 in 2004 tot 100 in 2008 toegeneem, ná 'n hoogtepunt van 124 in 2007.
- Die getal gepubliseerde artikelekwivalente het met 85% van die 275 van 2004 tot 513 in 2008 toegeneem. Belangriker nog: die 36%-toename vanaf 2007 tot 2008 het op alle kampusse voorgekom. Dit is te danke aan 150 jonger navorsers wat vir die eerste keer gepubliseer het.
- Die totale navorsingsuitset-eenhede het met 24% van 798 in 2004 tot 1 089 in 2008 toegeneem.
- Die getal Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde wetenskaplikes het met 29% van 73 in 2004 tot 103 in 2008 toegeneem, meer as 11% van alle akademiese personeel.
- Vrouenavorsers het 35% van 2008 se navorsingsuitset geproduseer, wat ver bo die nasionale gemiddeld van 22% is. Swart navorsers het 17% daarvan geproduseer, ook meer as die nasionale gemiddeld van 11%.

Wat innovasie en die implementering van kundigheid betref:

- Die getal geregistreerde patente het met 61% vanaf 18 in 2004 tot 29 in 2008 toegeneem.
- Derdegeldstroom-inkomste het met 108,7% van R311 miljoen in 2004 tot R649 miljoen in 2008 toegeneem.

Wat betref finansies en fasiliteite:

- Die NWU kon die 2008- finansiële jaar met nog 'n gesonde surplus afsluit, hierdie keer van R71 miljoen, vergeleke met die R14,7 miljoen van 2004.
- Goeie vordering is gemaak wat betref regstelling ten opsigte van geboue en fasiliteite, en infrastruktuurontwikkelings van meer as R170 miljoen is sedert 2004 voltooi.

Die Hoërondewyskwaliteitskomitee het ook vanjaar die NWU vir die eerste keer geoudit. Ons wag nog vir die finale verslag, maar die voorlopige, informele terugvoer net ná die oudit was grootliks positief. 'n Ander saak wat die NWU bo ander universiteite laat uitstyg, is ons beleid van funksionele meertaligheid. Hiervolgens is die drie tale van die NWU Afrikaans, Engels en Setswana.

Hierdie tale word op verskillende maniere op die kampusse gebruik, maar in wese is die werks- en onderrigtaal vir Mafikeng Engels (met Setswana as ondersteuningstaal), die Vaaldriehoek gebruik Afrikaans en Engels (met Sesotho as ondersteuningstaal), terwyl Afrikaans as basistaal gebruik word op Potchefstroom, met Engels en Setswana as ondersteuningstale.

Simultane tolking word op Potchefstroom en Vaaldriehoek in sekere modules gebruik vir studente wat nie Afrikaans magtig is nie. Met hierdie taalbeleid het die NWU taal gedepolitiseer en die minimum probleme het die afgelope vyf jaar voorgekom.

U as alumni van die NWU en sy voorgangers kan gerus wees dat die NWU op hierdie pad van groei en prestasie sal voortgaan. Soos ek tydens my toespraak by die inhuldiging van die nuwe Kanselier, Kgosi Leruo Molotlegi, gesê het: As die Minister ons vandag die keuse sou gee om die samesmelting te ontbondel, sal ons dit nie wil doen nie. Die samesmelting het 'n proses van sinergie tot stand gebring. Ek glo die NWU is vandag sterker en beter as die dele waaruit hy saamgestel is.

Met hierdie tydskrif wil ons u graag op hoogte hou van gebeure by die NWU en saamneem op die pad na die toekoms – u het immers die fondament gelê het waarop ons vandag kan voortbou.

**Vriendelike groete,
Theuns Eloff**

Kontak met NWU-alumni VERWELKOM



AS 'N OUDSTUDENT en voormalige Kanselier van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is ek trots op die nuwe Noordwes-Universiteit. Die proses van sy stigting het weereens bewys dat verstandige en kreatiewe onderhandeling die vermoë het om selfs die moeilikste uitdagings suksesvol te hanteer.

Die Noordwes-Universiteit het die pad van transformasie tot dusver met onderskeiding geloop en ek is vol vertroue dat die NWU bestem is om 'n leidende rol in ons land se universiteitslewe te speel.

Die inisiatief om kontak met alumni van die drie kampusse onder een sambreel te vestig, moet verwelkom word. Hopelik sal dit nuwe bande smee ter ondersteuning van die NWU.

Langs hierdie weg dra ek my groete oor aan alle alumni en doen ek 'n beroep op hulle om almal te help om ons Universiteit tot volle wasdom te laat groei.

FW de Klerk

Dié kampus bied geleenthede vir groei



DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS van die NWU het die enkele grootste rol in my vormingsjare gespeel en het bygedra tot dit wat ek in my loopbaan bereik het.

Die geleenthede wat ek ontvang het en kon uitleef, het my die onderbou gegee om te groei in my leierskaps- en bestuursvermoëns. Dit geld vandag nog vir my loopbaan én my persoonlike lewe.

Dit is vir my steeds lekker om met my alma mater geassosieer te word en inligting te kry oor wat hulle doen. Dit wys my hulle stel nog in my belang. Ek is trots om te sê dat ek 'n draai kon maak by die NWU se Vaaldriehoek-kampus.

Ek glo en vertrou dat daar nog vele ander studente in die toekoms hulle daar sal bekwaam en net so trots en dankbaar sal voel vir dit wat julle ons gebied het!

Heinrich Kriel

Algemene Bestuurder: ArcelorMittal Suid-Afrika

Alumni is 'n waardevolle bate

AS VISEKANSELIER van die voormalige Universiteit van Noordwes het ek die voorreg gehad om met baie van die alumni van dié instelling te skakel. Hierdie ondervinding het my geleer dat die onsigbare naelstring wat alumni met hul alma mater verbind, waardeur en gekoester moet word.

As die NWU se Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, is dit vir my baie belangrik dat ons noue bande met al die alumni van al ons kampusse behou. Dit sluit die alumni van die voormalige instellings in, asook die jonger garde wat sedert die samesmelting in 2004 by die NWU studeer het.

Ek is verheug dat die Universiteit nou hierdie tydskrif kan gebruik om sy prestasies met julle te deel. Dit is ook baie interessant om te lees van die talle alumni wat nasionaal en internasionaal in hul gemeenskappe uitblink.

Julle, ons alumni, is 'n waardevolle bate. Julle was deel van ons verlede, maar is ook deel van ons hede en toekoms. Ons het julle voortgesette ondersteuning en lojaliteit nodig om die beeld van hierdie universiteit te bou. Saam kan ons die NWU vorentoe neem en selfs hoër hoogtes bereik.



Ngoato Takalo

Sal ons ou kennisse ooit vergeet?

EK EN RINA het baie vriende gemaak in die jare wat ons betrokke was by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en veral by Alabama (Johan van 1962 tot 1980 en Rina van 1968 tot 1980).

Baie van hierdie vriende het intieme persoonlike vriende geword met wie ons vandag 'n kosbare lewenslange vriendskapsverhouding het, terwyl ander gewone kennisse gebly het.

Maar ons Alabama-vriende is effens anders.

Iemand wat in Alabama was, sal dadelik weet waarvan ek praat. Al was jy net een jaar in Alabama, het jy 'n groepie vriende bygekry wat jy met 'n ander soort blydskap en deernis groet, veral miskien ná 'n lang tyd van mekaar-nie-sien-nie.

Ons was verras om te hoor van hierdie publikasie vir alumni. Dit klink na 'n lekker tydskrif om te lees. Geluk aan die ouens wat dit uitgedink het en sterkte aan dié wat dit moet laat gebeur. Ons sien baie daarna uit om te verneem wat deesdae daar by NWU gebeur en om elke nou en dan iets interessants te lees van ons ou en baie spesiale vriende.



Johan en Rina van Rensburg

Kanselier en Visekanselier

KGOSI LERUO MOLOTLEGI, koning van die Bafokeng-nasie is op 17 September 2009 tydens 'n glansgeleentheid as tweede Kanselier van die NWU ingehuldig.

Dr Theuns Eloff is terselfdertyd in sy tweede vyfjaartermyn as Visekanselier bevestig.

Kgosi Moletlegi, opvolger van dr Popo Molefe wat sedert die samesmelting in 2004 Kanselier was, het sy rol as Kanselier met vorstelike waardigheid aanvaar.

Waardes snoer almal saam

"Universiteite behoort die intellektuele laboratoria te wees vir idees wat die wêreld verander," het hy tydens sy inhuldiging gesê.

Om dit te kan doen, meen hy, moet 'n Universiteit akademiese vryheid koester. Hy beskou respek vir akademiese vryheid as een van die waardes wat die NWU saamsnoer. Twee ander belangrike waardes is verdraagsaamheid en toegewydheid aan voortreflikheid.

"Al is die geskiedenis en tradisies van die drie kampusse verskillend, is die NWU vandag één universiteit, juis omdat ons hierdie waardes deel," het hy gesê.

Dit is vir hom eerstens belangrik dat die NWU 'n plek van verdraagsaamheid is, selfs al sukkel die Suid-Afrikaanse samelewing nog met verskeie vorms van vooroordeel.

Toegewyd aan voortreflikheid

Daarby moet die Universiteit toegewyd wees aan voortreflikheid wat betref studente, navorsing, sy posisie as intellektuele baken, en ekonomiese groei.

Hy glo dat 'n universiteit op sy studente moet fokus – reeds van hul vroegste onderrigjare af.

"Sonder toegewydheid aan voortreflikheid op elke vlak van onderwys kan ons nie hoop om goed voorbereide eerstejaars te ontvang nie.

Ons moet dus die hele onderwysstelsel aanspreek – van voorskoolse onderrig tot heel bo."

Navorsingskapasiteit is ook belangrik. Die NWU moet voortgaan om sy innovasievermoë tot voordeel van die gemeenskap toe te pas. Die ongelyke navorsingsuitset van die drie kampusse moet ook aangespreek word.

Daarby moet die Universiteit besluit op watter terreine hy wil konsentreer en uitblink. So presteer die NWU byvoorbeeld reeds goed in sport. Kgosi Molotlegi het onderneem dat die Bafokeng-nasie, met hul goeie geriewe en uitgebreide ontwikkelingsprogram vir sport, die NWU hierin sal ondersteun.

Ná die afgelope vyf jaar se samesmeltingsfase, moet die NWU hom nou vestig as die intellektuele baken in die Noordwes-provinsie. Met sy mense as beste bate, moet die Universiteit krag uit hul talente, toegewydheid en energie put.



Dr Theuns Eloff verwelkom Kgosi Leruo Molotlegi.

Laastens moet die NWU ook ekonomiese groei in Suid-Afrika en wêreldwyd bevorder deur bekwame mense vir die arbeidsmag te lewer.

'n Hawe vir uitdagende denke

Akademiese vryheid is ook vir Kgosi Molotlegi 'n belangrike verenigende waarde. Solank akademici hul pligte nakom, moet hulle sonder inmenging of beperkings navorsing kan doen, publiseer en onderrig.

"Universiteite is van die sosiale instellings wat wêreldwyd die langste oorleef het, juis omdat hulle veilige hawens is vir denke wat nuut, uitdagend of omstrede is."

Kgosi Molotlegi het onderneem om al hierdie waardes uit te leef en te bevorder tydens sy termyn as Kanselier. "Ek is dankbaar vir die eer om die Universiteit te dien en om te help om die groot potensiaal van dié instelling te realiseer," het hy gesê.

Ook dr Theuns Eloff het hom daartoe verbind om met toegewydheid en energie te help sodat die NWU sy doelwitte kan behaal.

In sy toespraak het hy teruggekyk na die verlede, na binne gekyk na die hede en vorentoe gekyk na die toekoms.

vorstelik ingehuldig



Kgosi Leruo Molotlegi (links) en dr Theuns Eloff (regs) lewer hul toesprake tydens die inhuldigingseremonie.

Redes vir sukses

Hy het gesê dit was 'n groot uitdaging om instellings wat so verskillend was, te verenig. Faktore wat gehelp het om dit reg te kry, was 'n houding van 'ons-kan-dit-doen' en goeie tydsberekening om onsekerheid uit te skakel.

Dit het beteken dat sekere stappe dadelik gedoen is, byvoorbeeld die daarstel van 'n permanente Raad, en dat die Universiteit met ander stappe gewag het totdat almal se instemming verkry kon word, byvoorbeeld die keuse van die NWU se logo en slagspreuk.

Die NWU het ook gesorg dat die kernbesigheid van die Universiteit aan die een kant stabiel bly, terwyl transformasie aan die ander kant geïnisieer is.

Verder het 'n funksionele, pragmatiese benadering tot bestuur en die uitklaar van die verskillende rolle van die Raad en Bestuur ook tot die NWU se sukses bygedra.

Nou sterker as tevore

"In die onwaarskynlike geval dat die Minsiter van Hoër Onderwys en Opleiding sê ons kan die samesmelting ontbind as ons wil, sal nie die Raad of een van die kampusse dié aanbod aanvaar nie," het dr Eloff gesê. Hy glo almal

het by die samesmelting gebaat en is nou sterker en beter as tevore.

Hy het erken dat die NWU dalk nie altyd die polities korrekte universiteit is nie.

"Verskeie aspekte van ons sukses is behaal deur juis téén die konvensionele wysheid in hoër onderwys op te tree," het hy gesê. So het die NWU sy gedesentraliseerde bestuursmodel van 'n Institusionele Kantoor en drie kampusse op goeie besigheidsbeginsels gebaseer.

Die Universiteit het ook sy bestuurstyl van meting aan standaarde, en die gebruik van prestasie-ooreenkomste en finansiële aanmoediging geskoei op die beste praktyk in die openbare en private sektore.

"Ons vra nie verskoning vir hierdie benadering nie. Ons is anders en sal waarskynlik altyd anders wees.

Maar ons is ook in ooreenstemming met die grondwet, ons is suksesvol en ons lewer 'n bydrae tot die land. Daarvoor behoort ons aanvaar en gerespekteer te word."

Pak die uitdagings

Van die uitdagings wat wag, is om toegang vir almal wat akademies kwalifiseer, te verseker, om die kwaliteit en

Blaai om ►



Kgosi Leruo Molotlegi (links) en dr Theuns Eloff (regs) in gesprek ná die inhuldiging.

► Van bladsy 7

kwantiteit van navorsing te verbeter, en om voort te gaan om die NWU se kundigheid so te implementeer dat dit op ontwikkeling eerder as bloot gemeenskapsbetrokkenheid fokus.

Net soos vir Kgosi Molotlegi, is dit vir dr Eloff ook baie belangrik dat die NWU aan sy waardes getrou moet bly. Terwyl die land in baie opsigte polarisasie beleef - veral wat ras betref - moet die NWU 'n lig van ware diversiteit en versoening bly.

"Ons kán dit doen, omdat ons dit vir die afgelope vyf jaar reeds doen," het hy gesê.

Dr Eloff en Kgosi Molotlegi se termyn verstryk in 2014. As Kanselier is Kgosi Molotlegi die titulêre hoof van die Universiteit en ken hy alle grade toe in die naam van die Universiteit.



Die Voorsitter van die NWU-Raad, mnr Peet van der Walt, (heel links) en prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur van die NWU (tweede van regs) saam met Kgosi Leruo Molotlegi en dr Theuns Eloff.

KANSELIER VOEG WAARDE TOE

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, glo Kgosi Molotlegi se hoë aansien sal die aansien van die NWU verhoog.

"Hoewel die Kanselier se rol se-remonieel van aard is, sal sy aanwysing sonder twyfel waarde toevoeg, byvoorbeeld deur sy teenwoordigheid by gradeplegtighede en amptelike opening- en afsluitingse-remonies van die Universiteit."

Die NWU het al lank goeie verhoudinge met die Bafokeng-nasie. Hulle is onder meer betrokke by Luiperd Rugby, en dus ook by die Rugby-instituut op die Potchefstroomkampus. Hulle sal ook moontlik betrokke raak by die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus.

Verder het die Bafokeng-nasie al as borg opgetree vir verskeie akademiese en sportaangeleenthede. Vyftien studente van die Bafokeng-nasie studeer ook tans aan die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Meer oor die KANSELIER

Die 41-jarige Kgosi Leruo Molotlegi het in Augustus 2003 die 36ste op-perheerser van die 800-jaar oue Bafokeng-koninkryk geword.

Kgosi Molotlegi is 'n alumnus van Hilton Kollege in Natal en het 'n graad in Argitektuur en Stadsbe-planning van die Natal Universiteit. Hy is ook 'n vastevlerkvliegtuig- en rotortuigloods en 'n erelid van die Suid-Afrikaanse Lugmag.

Die ongeveer 300 000 lede van die Bafokeng-nasie woon in die Phokeng-gebied naby Rustenburg. Dit is waarskynlik die rykste volk in Afrika, met van die rykste platinum-neerslae ter wêreld op hul 2 000 vk kilometer grond.

Universiteit pronk met ses volstruisvere in sy hoed

DIE NWU steek lankal nie meer gewone hoendervere in sy hoed nie. Nee, dit is volwaardige volstruisvere. En boonop ses van hulle binne ses jaar.

Hierdie volstruisvere verteenwoordig die ses gesogte nasionale toekennings wat die NWU as instelling verower het sedert die samesmelting in 2004.

In dié tydperk het die Universiteit drie toekennings vir bestuursvernuf, twee vir innovasievermoë, en een vir die bevordering van veeltaligheid ontvang.

Driekuns vir korporatiewe bestuur

In 2009 het die Universiteit 'n driekuns behaal in PricewaterhouseCoopers se kompetisie vir korporatiewe bestuur in die hoëronderwysomgewing.

Nadat die Universiteit in 2007 die eerste prys gedeel het, het die NWU in 2008 én in 2009 die PricewaterhouseCoopers Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig alleen verower.

"Hierdie toekenning demonstreer ons toegewydheid aan voortreflike algemene en korporatiewe bestuur," sê dr Theuns Eloff, Visekanselier. "Die Raad moet uiteraard die grootste deel van die erkenning kry, aangesien die toekenning ook 'n bewys van hulle toewyding en werk is."

Die kompetisie vind jaarliks plaas om hoëronderwysinstellings aan te moedig om hoë standaarde vir korporatiewe bestuur te handhaaf en aan die vereistes van die King-verslag vir Korporatiewe Beheer in SA te voldoen.

Innovasie skitter

Behalwe vir sy bestuursvernuf, het die NWU se innovasievermoë hom ook laat uitblink.



Prof Marlene Verhoef

In die 2009-kompetisie van die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Nasionale Innovasiefonds is die Universiteit as die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika benoem. Dit het vir die Universiteit R500 000 prysgeld in die sak gebring.

Die Waarnemende Uitvoerende Direkteur van die Innovasiefonds, mnr McLean Sibanda, het gesê die NWU se gees van innovasie is deur die hele instelling waarneembaar. "Daar was ook bewyse van wydte en diepte in die innovasie-aktiwiteite," het hy gesê. Die beoordelaars was ook beïndruk met die Universiteit se belegging in gefokusde navorsing, omdat dit daartoe lei dat meer fondse na die fokusareas gekanaliseer word, met groter vlakke van innovasie wat bereik word.

"Die NWU se energieke voorlegging is 'n aanduiding van 'n energieke kantoor en goeie leierskap. Alles in ag genome, 'n welverdiende toekenning," het mnr Sibanda gesê. Die NWU het 'n soortgelyke prestasie in 2004 behaal. Die Innovasiefonds het die Universiteit toe as die mees progressiewe, tegnologies innoverende hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika bekroon.

Meertaligheid vereer

Die feit dat die Universiteit ook die beginsel van innovasie in sy beleid van funksionele meertaligheid toepas, het hom nog 'n toekenning besorg.

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) het die NWU in 2008 aangewys as die instelling wat die afgelope tien jaar die meeste in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor tot die bevordering van meertaligheid en nasiebou bygedra het.

Prof Marlene Verhoef, Institusionele Direkteur: Taaldirektoraat, glo die talle kreatiewe projekte wat die Taaldirektoraat aanpak om meertaligheid te bevorder, het die deurslag gegee.

Van dié projekte sluit in klaskamertolking by die Universiteit en by ander opvoedkundige instansies, en die Transtips-begripshulpmiddel wat die NWU se personeel-intranet in Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho beskikbaar stel. Van die korporatiewe publikasies word of heeltemal of gedeeltelik in Afrikaans, Engels en Setswana uitgegee. Daarby het die Taaldirektoraat selfs onlangs saam met die Dowe Federasie van Suid-Afrika kursusse vir Gebaretaaltolke aangebied. (SA gebaretaal is 'n erkende taal, naas die 11 amptelike tale van Suid-Afrika.)

Volgens dr Eloff weerspieël dié toekennings maar net 'n paar dimensies van die prestasies van die NWU as saamgesmelte universiteit.

"Ons het ook in terme van ons kernbesigheid, naamlik onderrig-leer en navorsing, uitstekend verbeter. Ons slaagsyfer op al drie kampusse het vanaf 75% in 2004 na 81% in 2008 verbeter. Ons navorsingsuitsette het vanaf 275 artikels in 2004 na 513 in 2008 vermeerder. Hierdie statistieke bewys dat die NWU besig is om een van die leidende universiteite in Suid-Afrika te word," het hy gesê.

'n Padda is méér as 'n ding wat *SPRING*

VIR TWEE AKADEMICI op die Potchefstroomkampus is 'n padda veel meer as net - soos die liedjie lui - 'n ding wat spring.

Prof Louis du Preez en dr Ché Weldon van die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling is lede van die Navorsingsgroep vir die Bewaring van Afrika-amfibieë en het albei 'n passie vir veral skaars paddaspesies.

Prof Du Preez is die mede-skrywer van 'n nuwe boek, *A Complete Guide to the Frogs of Southern Africa*. Dié baanbrekerboek bevat onder meer indiepte beskrywings van die padda se biologie en gedrag en dubbelblad-illustrasies van elke spesie wat suid van die Zambesi- en Kunenerivier aangeteken is.

Dr Ché Weldon is betrokke by die biosekure nat-laboratorium wat onlangs op die Kampus gebou is en op navorsing op bedreigde paddaspesies fokus. By dié laboratorium toets hulle tans paddas van Madagaskar se vatbaarheid vir 'n dodelike fungus wat spesies wêreldwyd bedreig. Madagaskar het 400 paddaspesies waarvan almal, behalwe een, nêrens anders in die wêreld voorkom nie.



Prof Louis du Preez het saam met omgewingsadviseur, Vincent Carruthers, die boek, *A Complete Guide to the Frogs of Southern Africa*, geskryf. Die boek is in September 2009 op die Potchefstroomkampus bekend gestel.

Voorste kerningenieur sluit by die Mafikengkampus aan



PROF GORDON SIBIYA, die nuwe Direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (CARST) op die Mafikengkampus, spog met verskeie 'eerstes'. Hy was byvoorbeeld die eerste swart akademikus om 'n PhD in Kerningenieurswese van die Stuttgart Universiteit in Duitsland te ontvang, en in 1983

was hy die eerste swart kerningenieur wat deur Eskom in diens geneem is.

Prof Sibiya het in Augustus 2009 Direkteur van CARST geword. Die feit dat hierdie sentrum as 'n samewerkingsprojek tussen industriële belanghebbers en die Noordwes-Universiteit gestig is, was een van die redes waarom hy graag by die NWU wou aansluit. "Ek stel belang in onderlig en navorsing en moedig akademiese bande tussen opvoedkundige instellings en die bedryf aan," sê hy.

CARST bied honneurs-, meesters- en doktorsgrade in Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie aan.

Prof Sibiya het die volgende grade verwerf: BSc Hons in Fisika (Fort Hare); BSc Hons en MSc in Elektriese Ingenieurswese, (Nottingham Universiteit, VK), en PhD in Kerningenieurswese, (Stuttgart Universiteit, Duitsland). Hy is in Mei 2008 deur die Universiteit van Fort Hare met 'n DSc (Honoris Causa) vir gemeenskapsdiens deur die onderrig van wetenskap vereer.

Kampus hou kleurvolle kultuurfees

MOENIE DINK CHINESE STUDENTE op die Vaaldriehoekskampus weet niks van die Sesotho-kultuur nie. Wel, nie na dese nie.

'n Paar Chinese inwoners van Oryx, die multikulturele manskoshuis vir dagstudente op die Vaaldriehoekskampus, het onlangs saam met hul koshuismaats die Sesotho-kultuur so deeglik nagevors en uitgebeeld dat dit hul koshuis 'n wisseltrofee besorg het.

Dié kompetisie was deel van die Vaaldriehoekskampus se eerste Kultuurfees vir studente. Die koshuise moes 'n kultuur uitbeeld wat vir hulle onbekend is. Dit het navorsing oor kultuurspesifieke speletjies en tradisionele drag, sang, danse en kos geverg.

Die afkampuskoshuis, Faranani, het die Indiër-kultuur uitgebeeld en die kampuskoshuise, Jasmyn en Vergelegen, die Zoeloe-kultuur. Die koshuise vir dagstudente, Oryx en Acacia, het onderskeidelik die Sesotho- en Xhosa-kultuur uitgebeeld.

Volgens mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake, was die Kultuurfees daarop gemik om die studente 'n hupstoot te gee en om die ryke kultuurdiversiteit op die Kampus te beklemtoon.



Die dorpskoshuis, Acacia, het die Xhosa-kultuur uitgebeeld. Die kultuurfees gaan voortaan jaarliks gehou word.

Gedenklesing vir prof Jacob Setshedi



Prof Jacob Setshedi

TYDENS 'N GEDENKLESING wat onlangs in die Burgersentrum in Mmabato gehou is, het die Setswana Departement van die Mafikeng-kampus die ontslape prof Jacob Setshedi vereer vir sy bydrae om Setswana as taal te bewaar.

Prof Setshedi het in 1980 by die voormalige Universiteit van Bophuthatswana (UNIBO) aangesluit en was die

stigter van die Setswana Departement. Later was hy ook die Adjunk-Visekanselier en waarnemende Visekanselier van UNIBO.

Sy bydraes sluit die ontwikkeling van studiemateriaal in Setswana in, asook die registrasie van die uitgewersmaatskappy, Maikatlapelo. Hy was 'n Ondervoorsitter van die Setswana Taalraad en een van die redakteurs van die Engels-Afrikaans-Setswana-terminologielys van 1998, wat deur die destydse Departement van Onderwys gepubliseer is. Prof Setshedi het in die vroeë 1970's en middel 1980's as eksaminator en moderator op die Gesamentlike Matrikulasieraad gedien.

Die Setswana Departement beoog om die gedenklesing jaarliks te hou om onder meer jong taalgeesdriftiges aan te moedig om in Afrikatale te skryf.



Bekende SKRYWERS deel van Skool vir Tale

DIE POTCHEFSTROOMKAMPUS se Skool vir Tale spog met meer as 'n halfdosyn bekende Afrikaanse skrywers in hul geleedere.

Die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof Jan Swanepoel, het reeds drie digbundels gepubliseer. Prof Heilna du Plooy en prof Hein Viljoen is ook digters van formaat. Prof Du Plooy se jongste digbundel heet *In die landskap ingelyf* en prof Viljoen s'n *Holtrom en groot kabaal*.

Prof Hans du Plessis se sesde roman, *Verbrande Paradys*, het onlangs verskyn. Hy skryf onder meer poësie, prosa, jeugromans, dramas en rubrieke. Van sy digbundel, *Innie skylte vannie Jirre*, is meer as 60 000 eksemplare verkoop – 'n rekord vir 'n Afrikaanse fiksiepublikasie.

Agt jeugboeke, 'n prentboek en kindergedigte het reeds uit prof Franci Greyling se pen verskyn. Sy is ook die stigter van Storiwerf, 'n webtuiste vir kinder- en jeugboeke. 'n Ander kollega, me Sophia Kapp, is die skrywer van vyf gewilde Afrikaanse liefdesromans, waarvan *Die ooreenkoms* die jongste is.

Prof Wannie Carstens skryf akademiese handboeke. Hy is tans besig met *Teksredaksie*, wat hy saam met 'n kollega van die Universiteit van Antwerpen, België, skryf.

Ligte! Kamera! Aksie!



DR BRENDA SEKATANE en mnr André Mellet, dosente van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aan die Vaal-driehoekskampus, het onlangs saam met hul studente hul televisiebuiging gemaak.

'n Produksiespan van SABC2 het die Kampus onlangs besoek om lesings vir die program, Open Varsity, op te neem. Dié program is deel van die kanaal se opvoedkundige inhoud. Dit is daarop toegespits om studente van tersiêre instellings regoor Suid-Afrika te bemagtig.

Volgens mnr Mellet onderhandel die Kampus en die kanaal reeds geruime tyd. Hulle het twee dae geïdentifiseer vir die opneem van die lesings en reëlins word reeds getref vir nog opnames.

Mnr Mellet en dr Sekatane moes hul aanbiedings volgens geïdentifiseerde onderwerpe voorberei. Vraag- en antwoord-sessies vir die studente is as deel van die opnames beplan.



Wêreldklas kernkragkenner kom van Mafikeng

'N TIPIESE DAG IN DIE LEWE VAN DR TYOBEKA

"Ek begin my dag deur my e-posse te lees en te beantwoord. As gevolg van die verskillende tydsones het my kollegas in Japan, Indië en Korea al heelwat e-posse gestuur wanneer ek wakker word.

Daarna begin die werk in alle erns. Ek lees navorsingvoorstelle van verskillende navorsingsinstellings, hou myself op hoogte van projekskeules, of voltooi verslae wat voortspruit uit vergaderings, werksinkels of reise.

Een van die nadele om vir 'n internasionale instelling te werk, is die eindelose vergaderings wat die grootste deel van my dag vul. Nog 'n uitdaging is dat ek die wêreld vol moet reis vir vergaderings, konferensies, werksinkels of kundigheidsbesoeke."

DR BISMARCK TYOBEKA, alumnus van die voormalige Universiteit van Noordwes, staan deesdae sy plek vol tussen die voorste kernkragkenner van die wêreld.

Dr Tyobeka is die Eenheidshoof vir Gasverkoelde Reaktor Tegnologie-ontwikkeling in die Kernkrag-afdeling van die Internasionale Atoommenergie Agentskap (IAEA) in Wenen, Oostenryk.

Hy het in 1994 by die voormalige Universiteit van Noordwes ingeskryf vir 'n BSc-graad in Opvoedkunde, gevolg deur 'n MSc-graad in Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie.

Vandag hou hy die IAEA op hoogte van wêreldwye ontwikkeling op die gebied van gasverkoelde reaktor-tegnologie. Hy is ook betrokke by projekte wat deur die IAEA befonds word. Hy werk byvoorbeeld nou saam met instansies in die VSA, Suid-Korea, China, die Verenigde Koninkryk, Switserland en Duitsland. Hy werk ook saam met Pebble Bed Micro Modular Reactor (PBMR) in Suid-Afrika, met wie die NWU ook noue bande het.

Hoewel hy in Januarie 2008 laas op die Mafikeng Kampus was, bly hy geïnteresseerd in die Kampus se program vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie. Hy behou ook kontak met die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie en met oudstudele van dié sentrum wat in die kernkragbedryf in Suid-Afrika werk.

"Ek het juis tydens my besoek in 2008 met die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, gepraat oor die rol wat ek in die toekoms kan speel en hoe ek die Universiteit kan help," sê hy.

Hy meen die Universiteit het 'n groot deel tot sy huidige leierskapvaardighede bygedra. Tydens sy studentejare het hy verskeie leierskapsrolle vertolk, onder meer Voorsitter van die Wetenskapsraad vir Studele in 1996, Hoofsekretaris van die Oorgangstudelele in 1997, Ondervoorsitter van die Verleenwoordigende Studelele in 1998 en Voorsitter daarvan in 1999.

"As Studelelelevoorsitter was ek ook lid van die Universiteit se Raad. Dit het my 'n kykie gegee van hoe korporatiewe instellings werk en wat die verantwoordelikhede van direkteure en uitvoerende bestuurslede is," sê hy.

Ná sy studentejare by die UNW was hy verbonde aan Eskom en PBMR in Suid-Afrika voor hy Amerika toe is vir verdere nagraadse studie. (Sien tekskassie.)

Dr Tyobeka is sedert Februarie 2008 verbonde aan die IAEA in Wenen en geniet sy werk terdeë.

"Dit is 'n voorreg om by 'n instansie soos die IAEA te werk, waar van die beste breinkrag op aarde saamspan om 'n gemeenskaplik doelwit te bereik. Om elke dag wakker te word met die wete dat 'n nuwe uitdaging wag, is meer as bevredigend."

Hy bly ook baie lekker in Wenen met sy groot kulturele diversiteit. "Oostenryk grens aan agt lande, wat dit baie maklik maak om dié lande te besoek," sê hy. Hy is nie baie beïndruk met die koue winters en baie sneeu nie, maar voeg darem by dat die somers lieflik is. Nog iets waarvan hy baie hou, is die openbare vervoerstelsel in Wenen.

Aan die ander kant verlang hy na sekere lekkertes van Suid-Afrika. "Ek mis my ma, my vriende, boerewors, Sondaes jazz-sessies en om Orlando Pirates te sien speel," sê hy.

Hy het in Welverdiend, 'n klein dorpie sowat 40 km wes van Sun City, grootgeword. Sy talle familielede woon nog in Suid-Afrika.

Hy is getroud met Ngeniswa en hulle het twee dogters, Siviwe (ses jaar) en Andiswa (drie jaar). Dr Tyobeka se oudste dogter, Babalwa, is 'n tweedejaar BSc-student (Wiskunde en Toegepaste Wiskunde) op die Mafikengkampus van die NWU.

Kwalifikasies

- BSc (Ed), Universiteit van Noordwes
- MSc in Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie, Universiteit van Noordwes
- MSc in Kerningenieurswese, Penn State Universiteit, VSA
- MSc in Bestuur (Projekbestuur), Colorado Tegniese Universiteit, VSA (deeltids)
- PhD in Filosofie (Kerningenieurswese), Penn State Universiteit, VSA
- LL.M in Vergelykende en Internasionale Kernkragreg en -beleid, Sentrum vir Energie, Mineraal en Petroleumreg en -beleid, Universiteit van Dundee, Skotland, (deeltids)

Syferslim alumnus maak geskiedenis

DIE SEWE STUDENTE van die Vaaldriehoekskampus wat vanjaar aan die Nedbank/Old Mutual- Begrotingstoespraak-kompetisie deelneem, sal moet fyn trap om in die voetspore van alumnus, me Lindokuhle Dingiswayo, te volg.

Lindokuhle, wat deesdae by die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Pretoria werk, het geskiedenis gemaak toe sy die eerte swart vrou en Vaaldriehoek-student was om in 2008 die Nedbank/Old Mutual- Begrotingstoespraak-kompetisie te wen.

Kort daarna was sy een van net 10 studente wat landwyd gekies is vir die Reserwebank se jaarlange opleidingsprogram vir 2009.

Vir die Nedbank/Old Mutual- kompetisie moes Lindokuhle 'n opstel van 4 500 woorde skryf met die onderwerp: *"The small business sector is both an engine of job creation and a site of innovation. What type of economic policies are required to support the small business sector?"*.

'n Paneel van kundiges het die inskrywings beoordeel en op grond van die deelnemers se akademiese meriete die beste 12 studente in Suid-Afrika gekies. As deel van die kompetisie is die studente en hul dosente afgevlieg Kaap toe in die week waarin die voormalige Minister van Finansies, mnr Trevor Manuel, sy begrotingsrede gelewer het. 'n Paneel kundiges, onder leiding van prof Jakes Gerwel, het ook vir die studente vrae oor die ekonomie gevra.

Die doel van die kompetisie, wat reeds sedert 1972 bestaan, is om toekomstige leiers in die ekonomie te ontwikkel en om jongmense die geleentheid te gee om belangrike rolspelers in die finansiële wêreld te ontmoet. Voor- én nagraadse ekonomiesestudente neem jaarliks aan die kompetisie deel. Lindokuhle, wat aan die nagraadse kompetisie deelgeneem het, was een van 21 inskrywings van die Vaaldriehoekskampus.

Lindokuhle het sedert 2004 BCom Ekonomie/Bankrisikobestuur op die Vaaldriehoekskampus studeer. Sy het in 2006 haar honneursgraad behaal aan die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe. "My studies het vir my 'n goeie oorsig gegee van finansiële markte, die ekonomie en die bankstelsel. Dit was ook 'n goeie inleiding tot fundamentele en tegniese ontleding." Van die beste herinneringe aan haar studentejare is haar betrokkenheid by die Studente Christengenootskap en as wiskundefasiliteerder en -assistent. Lindokuhle woon in Centurion en doen tans haar meestersgraad deur die Universiteit van Pretoria. Sy glo in lewenslange leer en sal graag haar nagraadse studies oorsee wou voortsit.

Gelukkig vir een of ander bevoorregte man, glo sy ook daaraan om 'n goed afgeronde persoon te wees. 'n Man en kinders is daarom ook deel van haar toekomsplanne.



Me Lindokuhle Dingiswayo, alumnus van die Vaaldriehoekskampus (tweede van links), by die gala-geleentheid waar die voormalige Minister van Finansies, mnr Trevor Manuel (tweede van regs) haar as wenner van die Nedbank/Old Mutual Begrotingstoespraak-kompetisie aangekondig het. By hulle is me Maria Ramos, Hoof-uitvoerende beampte van Absa-groep (heel links) en president Jacob Zuma (heel regs). Lindokuhle het 'n wentjek van R150 000 ontvang.

Alumnus bestuur KANADESE INDIANE se finansies



Dr Wynand Steyn se pad het hom van die oewer van die Vaalrivier tot in Kanada geneem.

DR WYNAND STEYN, alumnus van die Vaaldriehoek-kampus, is deesdae die Hoof- Finansiële Beampte van 'n Indiaangroep bekend as die Wesley First Nation in Morley, in die Kanadese provinsie, Alberta.

Die Wesley First Nation is een van ongeveer 600 Indiaangroepe in Kanada en praat Stoney (Nakoda Souix) en Engels. Dr Steyn is verantwoordelik vir die bestuur van dié groep se finansiële bedrywighede. Dit sluit onder meer beleggings-, risiko-, ontwikkelings- en personeelbestuur in, asook inkomste en uitgawes, inligtingstegnologie en ekonomiese ontwikkeling.

Dr Steyn en sy vrou, Laurette, woon in die stad Calgary, sowat 60 km van sy werk af. Hy geniet egter die daaglikse rit Morley toe. "Dit gee my die geleentheid om elke dag die skoonheid van die Rocky-gebergte te waardeer," sê hy.

Volgens hom het die grootste verskil tussen Suid-Afrikans en Kanadese waarskynlik met die Kanadese opvoeding te doen. "Die Kanadese gun vir elkeen sy plekkie in die son. Daarby word persoonlike veiligheid en wetsgehoorsaamheid as die norm aanvaar."

"Wat klimaat betref, verg die winters nogal 'n mate van aanpassing, veral in terme van buite-aktiwiteite, motorbestuur en kleredrag. Die somers is egter nie veel anders as in Suid-Afrika nie."

Dr Steyn kom van Vereeniging, waar sy ouers en skoonouers steeds bly. Hy het in 1986 'n BCom-graad en in 2000 'n meestersgraad aan die Vaaldriehoekkampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerf. Daarna, in 2001, het hy na Kanada geïmmigreer, waar hy in 2005 volle Kanadese verblyf-reg ontvang het.

Volgens dr Steyn het hy sy doktorsgraad "onder unieke omstandighede" verwerf. Hoewel hy ten tye van sy PhD-aansoek reeds in Kanada was, was prof Pierre Lucouw, die Direkteur van die Skool vir Rekeningkunde, bereid om as sy promotor op te tree.

"Ek is baie dankbaar vir prof Lucouw se geduld," sê dr Steyn. Die enigste kontak wat hy en sy promotor met mekaar gehad het in daardie tyd, was e-posboodskappe.

Hy sê die wye veld wat sy studies gedek het, was van groot waarde sover dit bestuursvernuf en tydsbestuur betref.

Hy is 'n kenner op die gebied van Plaaslike Owerheidsbestuur en -beplanning en het vroeër by die Empangeni en Richardsbaai Munisipaliteit in KwaZulu-Natal gewerk.

Hierdie ervaring kom handig te pas, aangesien die Wesley First Nation op die basis van plaaslike regering funksioneer.

"Hulle 'Chief' kan vergelyk word met 'n burgemeester en die 'Council' met raadslede. Dit herinner dus aan munisipale regering, maar met die verskil dat hulle slegs op federale regeringsvlak verantwoording doen."

Die 'Chiefs' verteenwoordig hul nasies op provinsiale vlak en 'n 'Grand Chief' verteenwoordig al die nasies in Kanada op federale vlak.

Dr Steyn woon saam met sy vrou, Laurette, en twee seuns in Kanada.

Laurette bestuur 'n voorskoolse inrigting wat spesialiseer in skoolgereedheid, André (26) is betrokke by die restourasie van kantoorkomplekse in Calgary en Dewald (23) is 'n lid van die Royal Canadian Mounted Police in Bow Island, Alberta.

Met 'n onblusbare

SY WIL 'N TV-AANBIEDER WORD, sê sy ewe selfversekend vir my. Eendag. Maar eers wil Adri Visser aan die 2012-Paralimpiese Spele in Londen deelneem, nog 'n paar medaljes vir swem verower en haar diploma in Sportkunde aan die NWU voltooi.

Wanneer 'n mens vir Adri, 'n eerstejaarstudent op die Potchefstroomkampus ontmoet, is jy dadelik bewus van haar fisiese 'andersheid'. Ná haar ma Duitse masels onderlede gehad het tydens haar swangerskap is Adri sonder arms en met net een been gebore.

Maar nadat 'n mens 'n rukkie met Adri gesels het, raak jy bewus van iets groters. Iets wat veel dieper lê as die ooglopende.

Vra jy haar wat sy wil hê mense van Adri Visser moet weet, bly sy 'n rukkie stil en dink diep. Dan sê sy vir my in Engels: "There is more to me than meets the eye."

Inderdaad.

Medaljes stroom in

Gestremd? Uiterlik, ja. Maar nie in haar gees nie. Dié inwoner van Wag-'n-bietjie-dameskoshuis het reeds verskeie hindernisse in haar lewe oorkom. Sy het in Kempton Park grootgeword en was tot in graad sewe in 'n skool vir gestremdes. Daarna is sy na Hoërskool Birchleigh, omdat sy in 'n 'gewone' skool wou wees.

Ná matriek het sy twee jaar lank op swem gekonsen-

treer. Dit het daartoe gelei dat sy verlede jaar haar groot droom bewaarheid het. Sy het aan die Paralimpiese Spele in Beijing deelgeneem. Daar het sy haar persoonlike beste tyd met sewe sekondes verbeter.

Vroeg vanjaar het sy die Midmar-myl (1 600m) in 38 minute voltooi. Hier het sy vir die vierde agtereenvolgende jaar die trofee vir dapperheid verower en boonop twee bronsmedaljes losgeswem.

Sy het ook vroeër vanjaar nog 'n paar medaljes ingeryg tydens die Suid-Afrikaanse Nedbank-kampioenskap in Port-Elizabeth en die SA Telkom-Kortbadkampioenskap in Pietermaritzburg. Sy het ook vir die Wêreld Kortbadkampioenskap in Rio de Janeiro gekwalifiseer.

Aanhouer wen

Adri swem minstens twee kilometer per dag by die Virgin Active-gimnasium naby die kampus. Sy blink uit in onder meer vryslag (100m en 200m) en borsslag (100m).

Sy oefen ook drie keer per week in die Skool vir Biokinetika se gimnasium. Daar help Vicky Hoops, 'n student wat besig is met haar Honneurs in Biokinetika, haar met 'n spesiale oefenprogram.

"Ons doen versterkings- en soepelheidsoefeninge wat haar swem bevorder," sê Vicky.

Adri het spesiaal gevra dat ons foto's moet neem waar sy en Vicky oefen. "Vicky doen so baie vir my, sy verdien erkenning," sê Adri.



gees bly sy bo

En wat dink Vicky van Adri?

"Sy maak my dag! Ons lag so lekker; ons geniet regtig mekaar se geselskap terwyl ons oefen," sê sy.

"Ja," voeg Adri by, "ons dagdroom dikwels oor sjokolade - en soms éét ons dit regtig!"

Ek hou hulle dop terwyl hulle oefen. Dit is duidelik dat hulle meer as net oefenmaats is. Hulle is vriende.

Nemo raak mobiel

Aan vriende het Adri nie 'n tekort nie. Dit is die eerste keer dat sy op haar eie is, maar almal by die Universiteit het haar van die begin af aanvaar, sê sy. Haar koshuismaats noem haar hulle Nemo, omdat sy so knaend aan die swem is. Ander studente ken haar as die meisie wat met haar 'karretjie' rondry.

Dié mobiele bromponie is 'n geskenk van die Potchefstroomkampus. "Ek het eers al die pad tussen die koshuis en die sportterrein gestap vir my klasse," vertel Adri. Gelukkig het prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, en prof Hans de Ridder, Direkteur van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, koppe bymekaargesit en vir haar die bromponie gegee.

"Die Universiteit doen so baie vir my. Ek is so dankbaar vir die ondersteuning wat hulle my bied," sê sy.

Ek vra haar of daar iets is wat sy nog nie vantevore in 'n onderhoud genoem het nie. Haar oë vonkel. "Ek wil vertel

van die man in my lewe. Hy is ongelooflik en sien my vir wie ek regtig is. Ek is so dankbaar vir sy ondersteuning en liefde. Hy is my hart se punt!"

En sy naam?

"Nee," sê sy met 'n geheimsinnige glimlag, "dit wil ek liever nie sê nie."

Ek bêre die moeilike vrae vir laaste.

Is die lewe vir jou lekker? vra ek versigtig.

Bly positief en dankbaar

"Ja, baie," antwoord sy, "'n mens moet net alles positief aanpak en dankbaar wees. As ek in die oggende opstaan en die son sien skyn, is dit al klaar vir my 'n groot seën."

En as jy oor kon kies, sou jy jou lewe anders wou hê?

Sy huiwer 'n sekonde of twee. "Dit is baie moeilik. Ek wonder of ek dan sou swem, en of die Universiteit en my geliefde in my lewe sou wees. Of ek dieselfde persoonlikheid sou hê."

Dan glimlag sy asof sy tot 'n gevolgtrekking gekom het. "Ek dink tog alles gebeur met 'n doel."

Op pad terug kantoor toe, kom ék ook tot 'n gevolgtrekking. Ja, Adri Visser is anders. Maar haar andersheid lê nie in die ooglopende nie. Dit lê in haar onblusbare gees. Dit lê in haar merkwaardige humorsin, haar verrassende selfvertroue en haar onverklaarbare dankbaarheid. **-Nelia Engelbrecht**



Adri Visser en Vicky Hoops in Biokinetika se gimnasium.



Verskeie dosente van die Vaaldriehoekkampus het by 'n galageleentheid in 2009 toekennings ontvang. Van links is me Fatima Raymakers, wener van die Skool vir Opvoedingswetenskappe, dr Leon Moolman, wener van die Skool vir Gedragwetenskappe, prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademiese Beplanning, prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekkampus, me Hayley Williams, wener van die Skool vir Gedragwetenskappe en beste dosent op die Vaaldriehoekkampus, prof Tinie Theron, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, en dr Mirna Nel, wener van die Skool vir Opvoedingswetenskappe.

TOPDOSENTE kry erkenning

DIE NWU HET VROEËR VANJAAR vir die derde keer in sy bestaan op institusionele vlak erkenning gegee aan sy topdosente.

Prof Nico van der Merwe van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroomkampus en me Hayley Williams van die Skool vir Gedragwetenskappe op die Vaaldriehoekkampus is by 'n galadinee vroeër vanjaar in Potchefstroom as die beste dosente op hul kampusse aangewys.

Altesaam 32 dosente het Institusionele Toekennings vir Onderrig-uitnemendheid (ITOU) ontvang. Hiervan is 27 van die Potchefstroomkampus en vyf van die Vaaldriehoekkampus.

Akademici van die Mafikengkampus het ook aan die ITOU-proses deelgeneem, maar weens onvoorsiene omstandighede, onder meer die studente-onrus op dié kampus, kon hulle die program eers in 2009 voltooi. Hul uitslae sal vroeg in 2010 saam met die volgende groep s'n bekend gemaak word.

'n Spesiale toekenning vir kreatiewe uitsette is aan me Haidee Kruger van die Skool vir Tale in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus gemaak. Sy het haar eerste digbundel *"Lush - poems for four voices"* in 2007 die lig laat sien. Sy word as een van die mees belowende nuwe stemme in Suid-Afrikaanse poësie beskou.

ITOU is daarop gemik om voltydse akademiese personeellede wat betrokke is by kontakonderrig aan die NWU aan te moedig om hul onderrigvaardighede te verbeter.

'n Paneel van eweknieë het die deelnemers geëvalueer op grond van innovasie en uitnemendheid in kontaksessies, terugvoer van studente en 'n portefeulje wat hulle moes indien.

Taaldirektoraat tem die taalperd



Me Dipuo Maphakathi, 'n tolk van die NWU tolk vir leerlinge van Central Primary School in Potchefstroom hul lesse van Engels na Setswana.

DIE TAALDIREKTORAAT VAN DIE NWU het reggekry wat min ander Suid-Afrikaanse universiteite kon doen. Hulle het met hul beleid van funksionele meertaligheid daardie wilde hings, die taalkwessie, getem.

Maar waarom is 'n stang en toom dan nodig?

Taal is aan die een kant 'n hartsaak en aan die ander kant 'n praktiese, funksionele kwessie. In die lig hiervan probeer die Universiteit om die taalvoorkeure van studente en personeel sover prakties moontlik te akkommodeer.

Dit doen die Universiteit deur talle innoverende projekte aan te pak.

Een hiervan is die TransTips-begripshulpmiddel wat die personeel-intranet in vier werkstale – Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho – beskikbaar stel.

'n Ander baanbrekerprojek is die klaskamertolkdienste wat op twee van die NWU se kampusse gelewer word.

Luister en leer

Marknavorsing deur die Taaldirektoraat het gewys dat die opvoedkundige sektor in Suid-Afrika ook kan baat by sulke klaskamertolkdienste. Dit het daartoe gelei dat die Direktoraat sy kundigheid begin kommersialiseer het.

Tolke van die Taaldirektoraat tolk tans by die Potchefstroom Landboukollege en twee skole, naamlik Hoërskool Frikkie Meyer in Thabazimbi en Central Primary School in Potchefstroom.

Skryf en lees

Die Taaldirektoraat het die navorsingswerk wat hulle tot dusver oor opvoedkundige tolking gedoen het in samewerking met kollegas van ander universiteite gepubliseer. Die boek, *Multilingualism and Educational Interpreting - Innovation and Delivery*, is in November 2008 uitgegee. Dit is deel van die meertalighedsreeks van Van Schaik met die naam *Studies in Language Policy in South Africa* met prof Theodorus du Plessis van Universiteit van die Vrystaat as eindredakteur.

Die artikels in die boek was almal kongresreferate, hoofsaaklik gelewer by die Jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Linguistevereniging in 2007.

Wys en kyk

Die Taaldirektoraat het ook in Augustus 2009 kursusse vir Gebaretaaltolke in samewerking met die Dowe Federasie van Suid-Afrika (DeafSA) aangebied. Hulle beplan nog soortgelyke kursusse vir 2010.

Het u geweet?

- Die Taaldirektoraat maak skaars en duur programme toeganklik vir meer studente deur 14 programme aan die NWU te tolk.
- Hiervan is 12 programme op die Potchefstroomkampus en twee op die Vaaldriehoekkampus.
- Dit sluit programme in elkeen van die fakulteite aan die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus in.
- In 2010 kom BEd Grondslagfase (Vaaldriehoekkampus), BEd Intermediêre Fase (Potchefstroomkampus), BSc Voedingkunde (Potchefstroomkampus) en BCom (Vaaldriehoekkampus) ook nog by.
- Onderhandelinge is ver gevorder om ook aan die Mafikengkampus met opvoedkundige tolkdienste in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe te begin.
- Die Taaldirektoraat lei self sy 80 tolke en assistente op.
- Die tolke aan die Potchefstroom- en Vanderbijlparkkampus tolk altesaam ongeveer 690 periodes per week.

ONDERRIGTALE OP

DIE KAMPUSSE

Mafikengkampus:

Engels word deurgaans gebruik.

Potchefstroomkampus:

Afrikaans as basistaal. (Daar word egter op verskillende maniere voorsiening gemaak om studente se taalbehoefte in ander tale te akkommodeer. Tolkdienste word hoofsaaklik in Engels gelewer, hoewel daar ook klasse is waar studente tolkdienste na Afrikaans en Setswana kan gebruik.)

Vaaldriehoekkampus:

Afrikaans en Engels. (Soos in Potchefstroom word hier ook op verskillende maniere in studente se taalbehoefte voorsien, met parallel- en dubbelmedium en tolkdienste as die belangrikstes.)



Prof Ian Rothmann doen navorsing oor individuele, groeps- en organisatoriese funksionering, en die effek daarvan op menslike potensiaal en welstand.

Mees produktiewe navorser

Prof Rothmann wen wéér

PROF IAN ROTHMANN, voorheen van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus, het vir die tweede agtereenvolgende jaar die NWU se navorsingstoekenning verower.

Verlede jaar het hy die 2007-toekenning vir Senior Navorser van die Jaar gekry. Vanjaar is hy as die Mees Produktiewe Senior Navorser van die Jaar vir 2008 aangewys. Hy is sedert 2009 by die Vaaldriehoekkampus.

Prof Werner Scholtz van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, is aangewys as die Mees Produktiewe Junior Navorser vir 2008.

Die Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing in die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus is die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit vir 2008. Prof Francois Viljoen is die Direkteur van dié eenheid. Die NWU het verlede jaar begin om hierdie toekennings te maak as deel van sy strategie om navorsing te bevorder. Die toekennings word gebaseer op uitstaande navorsingsprestasië tydens die vorige jaar.

Hulle is MEESTERS op hul gebied



Mnr Johan Steytler se ondersoek het oor mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat kinderjare gehandel. Sy studieleier is prof Herman Strydom (bo).

Me Charlotte Senosi se navorsing het gelei tot ses vaktydskrifartikels en boekhoofstukke wat deur internasionale eweknieë geëvalueer is. Haar studieleier is prof Mark Peterson (bo).

DIE UNIVERSITEIT GEE elke jaar pryse vir die beste meestersgraadstudente op elke kampus. Die ABSA-bronsmedaljes word toegeken aan die beste meestersgraadstudente in Sosiale en Geesteswetenskappe en die S_2A_3 -bronsmedaljes aan die uitblinkers in Ingenieurswese, Wetenskap en Tegnologie.

Vanjaar se algehele wenner van die ABSA-bronsmedalje is mnr Johan Steytler van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe in die fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus. Sy studieleier is prof Herman Strydom van dieselfde skool.

Die algehele wenner van die S_2A_3 -bronsmedalje is me Charlotte Senosi van die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus. Haar studieleier is prof Mark Peterson van dieselfde skool.

Haar verhandeling, "*Discrete dynamics of bank credit and capital and their cyclicity*" bespreek wiskundige modelle vir bankitems wat 'n belangrike rol speel in die huidige globale finansiële krisis.

Die kampuswenners van die ABSA-bronsmedaljes is die volgende:

- Potchefstroomkampus: Me Moira Fourie (Studieleier: Prof Gerrit Pienaar, Fakulteit Regte)
- Vaaldriehoekkampus: Me Kotie van Wyk (Studieleier: Dr Werner Nell, Fakulteit Geesteswetenskappe)

Die kampuswenners van die S_2A_3 -bronsmedaljes is:

- Mafikengkampus: Me Basetsana Ntsime (Studieleier: Prof Masood Khaliq, Fakulteit Natuurwetenskappe)
- Potchefstroomkampus: Mnr Ivor Clifford (Studieleier: Dr Onno Ubbink, Fakulteit Ingenieurswese)
- Vaaldriehoekkampus: Mnr Ruan Rossouw (Studieleier: Prof Phillip Pretorius, Fakulteit Natuurwetenskappe)

"Dié pryse is deel van die NWU se strategie om nagraadse studies aan te moedig en sy poel navorsingsvaardighede te vergroot," sê prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning.

Wetenskaplikes ontvang erkenning van **NASA**

TWEE NAVORSERS van die Potchefstroomkampus het erkenning vir hul bydrae tot die sukses van die Ulysses-ruimtetuigsending van NASA ontvang.

Proff Marius Potgieter en Stefan Ferreira van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe het saam met 'n span Duitse wetenskaplikes van die Europese Ruimtevereniging (ESA) gewerk. Hulle het erkenning gekry as deel van dié span nadat NASA 'n Group Achievement Award aan die hele groep van Amerika en Europa toegeken het.

Die Ulysses is op 30 Junie vanjaar afgeskakel ná dit meer as agtien jaar data in die ruimte versamel het.

Prof Potgieter sê NASA het wetenskaplikes wat nie sedert die begin van die projek betrokke was nie, in 1993 gevra om as gasnavorsers by Ulysses betrokke te raak. As gevolg van sy kundigheid was hy sedert 1993 as numeriese modelleerder by die projek betrokke. Sy taak was om wiskundig te verklaar wat met waarnemings van die tuig aangaan. Dié waarnemings het weer gehelp om hul rekenaar gebaseerde modelle te verbeter.

Prof Ferreira het in 2000 tydens sy doktorsale studies by die projek betrokke geraak.

Albei navorsers werk steeds as 'n span saam met wetenskaplikes van die Universiteit van Kiel in Duitsland.

Die Ulysses-ruimtesending word tans beskou as die sending wat die denke van wetenskaplikes oor die son en sy uitwerking op die ruimte vir altyd verander het. Dié tuig was uniek omdat dit die enigste was wat nóg om die pole van die son beweeg het. Ulysses is drie keer om die son.

Die tuig is op 6 Oktober 1990 gelanseer en het 'n verwagte leeftyd van vyf jaar gehad. Dit het uiteindelik die ESA-tuig geword wat die langste in die ruim "gewerk" het.



Sowat 36 publikasies oor die waarnemings van die ruimtetuig Ulysses waarin óf prof Stephan Ferreira (links) óf prof Marius Potgieter se naam voorgekom het, het reeds verskyn.



Ulysses is die Latynse naam vir die Griekse god, Odysseus. In Homer se gedig "Odyssey" lees ons van die ontdekkings wat Odysseus tydens sy epiëse bootreis gemaak het. Die ruimtetuig Ulysses is na hom vernoem, omdat wetenskaplikes dieselfde verwagtinge van dié tuig gekoester het.

Kundigheid maak 'n verskil

DIE NWU IMPLEMENTEER die kundigheid van sy personeel en studente op so 'n wyse dat die Universiteit én die gemeenskap daarby baat.

Die een deel van die implementering van kundigheid is kommersieel van aard en verdien inkomste vir die universiteit. Dit behels onder meer patente, newemaatskappye en konsultasie. (Lees die berig op p3)

Die ander deel gaan oor die implementering van kundigheid in gemeenskappe op 'n nie-kommersiële basis.

Gemeenskappe floreer

Personeel en studente van die NWU is by meer as 200 gemeenskapsprojekte betrokke. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Die Holding Hands-projek is daarop gerig om die lewenskwaliteit van mense te verbeter wat op kommersiële plase bly deur hulle verskeie vaardighede te leer.
- Die Youth Entrepreneurial Development Unit op die Mafikengkampus lei potensiele besighede vanaf hul kleuterstadium tot uiteindelijke korporatiewe prestasie.
- Sentra van die Regsfakulteite op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus voorsien gratis regsdiens aan gemeenskappe in die Noordwes-provinsie.
- Met die oog op die agterstande in Suid-Afrikaanse skole, veral in wiskunde en wetenskap, is die Universiteit betrokke by verskeie projekte by skole in die omgewing van sy kampusse. Die Universiteit help onder meer om duisende matruskule vir hul matriekksamen en vir die tersiêre onderwysomgewing en die werkswêreld voor te berei. Hulle help ook met die opleiding van onderwysers wat bestuur en leierskap in skole betref.
- Die Musikhane-projek van die Skool vir Musiek op die Potchefstroomkampus leer kinders van benadeelde gemeenskappe om musiek te lees en verskeie instrumente te bespeel, en bied aan hulle selfs die geleentheid om in 'n orkes op te tree.
- Personeel en studente van al die kampusse onderneem verskeie projekte om te help met die bekamping van MIV/Vigs. Onderwysers en Vigsweesies is van die mense wat hierby baat.
- Studente dwarsoor die Universiteit lewer ook diens deur onder meer welsynsorganisasies te ondersteun en etes aan behoeftige studente te voorsien.

Volhoubaarheid is belangrik

Mev Bibi Bouwman, Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid beklemtoon die feit dat dit om meer as net hulpverlening gaan. "Ons konsentreer op die volhoubaarheid van projekte. Deur benutting van die Universiteit se enorme kundigheid wil ons mense bemagtiging sodat hulle kan voortgaan wanneer ons nie meer daar is om te help nie. Ons wil entrepreneurs ontwikkel wat 'n ekonomiese en maatskaplike verskil in hul gemeenskappe gaan maak."



Die Musikhane-projek bring die verskuilde musiek talent in kinders uit minderbevoorregte gemeenskappe na vore. Studente en dosente van die skool vir musiek op die Potchefstroomkampus is hierby betrokke.

Die NWU het twee liggame tot stand gebring om gemeenskapsbetrokkenheid te koördineer.

Die een is die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling. Dit is 'n oop netwerkplek vir alle belanghebbendes, veral binne die NWU en in die onmiddellike omgewing wat belangstel in gemeenskapsopheffing en -ontwikkeling.

Die ander is die Trust vir Maatskaplike Ontwikkeling. Die trustees van hierdie liggaam hou toesig oor die fondse van gemeenskapsprojekte waarby die Universiteit en ander fondsgewers betrokke is.

Kontakbesonderhede

Vir verdere inligting, kontak gerus me Bibi Bouwman by (018) 299 4935 of e-pos: Bibi.Bouwman@nwu.ac.za; of mev Maria Mopelong by (018) 299 4967 of e-pos: Maria.Mopelong@nwu.ac.za.

Meer as honderdduisend alumni is reeds op rekenaar

ALUMNI VAN DIE NWU ontglim nie maklik dié instelling se alumnikoördineerders nie. Hulle span allerhande innoverende maniere in om oudstude te op te spoor. Hier van getuig die NWU se databasis van meer as 109 000 alumni.

Al drie kampusse gebruik van vanjaar af die Kidz Africa-stelsel om hul alumni-databasisse te administreer.

Kidz Africa is 'n gebruikersvriendelike stelsel waarmee 'n mens met die druk van 'n knoppie nuusbriewe, sms'e, e-posse en uitnodigings kan uitstuur. Die stelsel verskaf ook data volgens verskillende kategorieë, byvoorbeeld geografiese area, demografie, en donasies. Die program maak dit ook maklik om data in te lees en in stand te hou, byvoorbeeld inligting oor voedingskole, werkplekke van alumni, beursgeskiedenis en familiebande.

Die Mafikengkampus het 25 518 name van hul ou stelsels af ingelees op Kidz Africa. Hiervan is sowat 1 500 oudstude te se besonderhede reeds opgedateer. "Ons behoort binnekort nog sowat 40% van die totale besonderhede op te dateer," sê me Susan van Rooyen, alumnikoördineerder van die Mafikengkampus.

Dié kampus het tussen Augustus 2008 en die einde van verlede jaar die land platgery om met alumni kontak te maak. "Dit het baie gehelp om ons databasis op datum te kry en aan te vul," sê me Van Rooyen.

Die Potchefstroomkampus spog met 'n databasis van 74 172. Om dié databasis verder uit te brei, benut hulle elke moontlike geleentheid waar hulle kontak met oudstude te het. Voorbeelde hiervan is reünies, saamtrekke, gholfwedstryde, byeenkomste van die wyngilde, en die jaarlikse funksie vir vertrekkende studente.

In die drie jaar vandat die Vaaldriehoekkampus se alumnikantoor begin is, het hulle 'n databasis van meer as 9 784 alumni opgebou. "Ons het goeie kontak met ongeveer 2 000 van hierdie alumni," sê me Alwine Naudé, hul alumnikoördineerder.

Volgens haar beleef die Kampus ongekende groei en ondersteuning wat hul alumni betref. "Die kampus se alumni-gemeenskap verteenwoordig nie net die geskiedenis van die kampus nie, maar ook die fondasie waarop vandag se studente voortbou," sê sy.



Me Susan van Rooyen is die alumnikoördineerder op die Mafikengkampus. Haar telefoonnommer is (018) 389 2509.



Mnr Vincent Eastes neem tans waar as alumnikoördineerder op die Potchefstroomkampus. Sy telefoonnommer is (018) 299 2562.



Me Alwine Naudé is Vaaldriehoekkampus se alumnikoördineerder. Haar telefoonnommer is (016) 910 3250.

Word deel van die Konvokasie

AS JY NOG NIE 'n lid van die Konvokasie is nie, is dit nou tyd om aan te sluit.

Die Konvokasie bestaan uit almal wat met 'n diploma of graad aan die Universiteit of sy voorlopers gegradeer het én die huidige permanente personele van die instelling. Die Konvokasie is daarop gerig om die Universiteit se beeld en belange te bevorder en sy tradisies te bewaar.

Nuwe lede moet 'n lidmaatskapvorm invul en die lewenslange ledegeld van R50 betaal. Die aansoekvorm is op die NWU se webwerf by <http://www.nwu.ac.za/hsc/Secretariat/Convocation/index.html>. Stuur die voltooide vorm en bewys van betaling aan me Izette Schouwstra, Institusionele Kantoor, NWU, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

Navrae: izette.schouwstra@nwu.ac.za of (018) 299 4968.

Alumni hou MAKIETIE dat die stof so staan

DIE ALUMNI VAN die NWU het in 2009 wyn geproe, gholf gespeel, die dansvloer blink gedans en tot rooidag toe saamgekuier.

Die Mafikengkampus het in 2009 die alumnibyeenkomste wat teen die einde van 2008 in Johannesburg en Gabarone (Botswana) begin is, voortgesit. Op 25 Februarie 2009 het hulle 'n byeenkoms in Rustenburg gehou, op 16 Augustus 2009 in Kimberley en op 18 September 2009 in Bloemfontein. Op 27 November 2009 kom die oudstudente in Vryburg aan die beurt, gevolg deur die oudstudente in Namibië op 11 Desember 2009.

Wat die Potchefstroomkampus betref, het oud-inwoners van die manskoshuise Liberalia, Makouvlei en Dawie Dup (vandag Excelsior) in Mei 2009 op dié kampus saamgetrek vir 'n reünie.

Ander reünies en byeenkomste wat in 2009 op dié kampus gehou is, sluit die volgende in:

- 50 jaar-reünie van die eerstejaars van 1959
- 40 jaar-reünie van die Studenteraadslede van 1969
- 50 jaar-vieringe van die Skool vir Kommunikasiestudies
- 10 jaar-vieringe van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en die Rugbyinstituut
- 90 jaar-reünie van die Potchefstroomse Onderwyskollege

Een van die grootste Potchefstroomkampus-makieties was die 140 jaar-viering van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Christelike Onderwys. Dit het afgeskop met 'n besoek in Junie vanjaar aan Burgersdorp, die geboorteplek van die PU vir CHO. Tydens dié besoek het oudstudente van die omgewing ook saam gekuier.

Die feesvieringe het 'n hoogtepunt bereik op die Potchefstroomkampus op 16 Oktober 2009. Op dié dag het die Kampus die Totius-standbeeld onthul, asook gedenksuile met die name van studenteiers sedert die ontstaan van die voormalige PU vir CHO. Gedurende 2009 het die Potchefstroom-alumni se gholfklub ook agt keer op verskillende bane in die land afgeslaan en hul wyn-gilde nege keer glasies geklink.



Prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus (links) saam met mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en me Susan van Rooyen, Alumni-koördineerder, Mafikengkampus, by die funksie vir Mafikeng-alumni in Rustenburg.



Vaaldriehoek-alumni geniet 'n Wilde Weste-aand. Links voor is mnr Thys Foord, Senior Bestuurder: MooiVaal Media en sy vrou, Hester.

Fynproewers onder die alumni van die Vaaldriehoekkampus het reeds die vorige jaar, in Januarie 2008, hulle glasies geklink onder leiding van wynmeester en Voorsitter van die Konvokasie, mnr Bennie Howard. In Augustus daardie jaar het alumni 'n "Aand met die Sterre" saam met sanger Manual Escorcio bygevoon. Tydens dié funksie het alumni wat in hul omgewings of in die sakesektor 'n bydrae gelewer het, toekennings ontvang.

Vanjaar het die alumni van die Vaaldriehoekkampus op 12 Junie hul cowboy-stewels aangetrek om 'n Country en Western-aand saam met die Campbells-musiekgroep deur te bring. By dié geleentheid het die Kampus erkenning gegee aan alumni wat in onderwyskringe betrokke is. Die volgende persone het ere-toekennings ontvang:

- Me Amanda Louw van Vaal High School
- Mnr Dries van Heerden van Hoër Tegniese Skool
- Mnr Johan Venske van Hoërskool Transvalia
- Me Lizette Hattingh van Hoërskool Transvalia
- Mnr Ricardo Erasmus van Hoërskool Overvaal
- Mnr Mandlenkosi Msibi van die Thuto-Thiro Comprehensive School
- Mnr John Tshabalala van die Prestigious Aureate Skool

Moenie volgende jaar

se pret misloop nie

DIE DRIE KAMPUSSE van die NWU het groot planne vir hul alumni vir 2010. As deel van die viering van die dertigste bestaansjaar van die voormalige Universiteit van Noordwes gaan die Mafikengkampus in 2010 vier glansgeleenthede vir hul alumni reël.

Drie hiervan gaan afsonderlik plaasvind vir die alumni van 1980, 1990 en 2000. Die vierde gaan 'n gesamentlike 'ster-aand' wees waartydens die Universiteit erkenning gaan gee aan alumni wat besondere bydraes gelewer het.

GESOEK: Eerstejaars van 1960

Die groep eerstejaars wat in 1960 hul studies by die voormalige PU vir CHO begin het, word in Oktober 2010 terug verwelkom op die Potchefstroomkampus. Die alumnikantoor wil graag soveel as moontlik van die studente opspoor vir hierdie reünie. As jy nog nie van die alumnikantoor gehoor het nie, kontak asseblief so gou as moontlik vir Vincent Eastes by (018) 299 2562 of stuur 'n e-pos aan vincent.eastes@nwu.ac.za

Ook gesoek: Rekenmeesters van die VAALDRIEHOEKKAMPUS

Alle oudstudente wat 'n BCom (GR)-graad aan die Vaaldriehoek-kampus behaal het, moet asseblief hul nuutste kontakbesonderhede aan alwine.naude@nwu.ac.za stuur, met die oog op die beoogde 2010-reünie.

Waarskynlik die interessantste gebeurtenis wat die Potchefstroomkampus vir alumni beplan vir 2010 is 'n byeenkoms van oudstudente wat in 1960 aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin studeer het. Dié geleentheid word vir Oktober beplan. (Sien tekskassie.)

Verder gaan daar 40 jaar-reünies wees vir die dameskoshuise Kasteel en Heide wat in 1970 ontstaan het, en vir die Farmasieklas van dieselfde jaar. Die feit dat die Hennie Bingle Studentesentrum volgende jaar 30 jaar oud is en die Fakulteit Teologie 80 jaar, gaan ook gevier word.

Ander moontlike vieringe sluit die volgende in:

- 1930 – Eerste damesverteenvoorder op Studenteraad (Me Dollie le Roux)
- 1940 – Soldate-aanval (Wintersnag van 7 Augustus)
- 1950 – Prof Joon van Rooy word Rektor
- 1955 – Pukoor word gestig
- 1960 – Noordelike vleuel van Klawerhof voltooi (208 dames)
- 1965 – Frans du Toit-gebou in April voltooi
- 1970 – Duikweg tussen koshuise en akademiese geboue voltooi

Daarby word verskeie gholfwedstryde en wyngilde-aktiwiteite ook vir 2010 beplan.

Die Sokker Wêreldbeker wat volgende jaar in Suid-Afrika gaan plaasvind, maak van 2010 'n besondere sportjaar. Om hierby aan te sluit, gaan die Vaaldriehoek-kampus die sportlui onder hul alumni - veral die krieketspelers - in Augustus 2010 vereer.

Kort daarna, in September 2010, sal die volgende reünies gehou word:

- Twee koshuisreünies
- 'n Reünie vir rekenmeesters wat die afgelope 30 jaar hul studies by NWU-Vaaldriehoek voltooi het.

Verder beoog die alumnikantoor die volgende vir 2010:

- Opdatering van hul webblad
- Uitstuur van gereelde e-nuus
- Deurlopende bemaking van nagraadse studies
- Gebruik van sms-stelsel via Kidz Africa (Sien berig op p23)
- Uitbreiding van bemakingsmateriaal en klerasie

Alumni wat lanklaas by die NWU was, sal verstom staan wanneer hulle nou op die kampusse van die Universiteit rondstap.

Op hierdie en die daarvolgende bladsye neem ons u saam op 'n toer na die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus. Ons vertel ook meer van wat in 2009 op die kampusse gedoen is en wat vir 2010 beplan word.

Studentelewe kry nuwe *Woema*

Die studentelewe op die [Mafikengkampus](#) het nuwe woema gekry toe die langverwagte studentesentrum in 2009 voltooi is. Die twee nuwe koshuise wat in 2010 gebou sal word, behoort ook verder by te dra tot 'n gesonde studentelewe op dié kampus.





DIE NWU HET RUIMSKOOT BEË in die instandhouding en verbetering van fasiliteite op die Mafikengkampus in 2009 en beplan ook groot projekte vir 2010.

Dit woe en werskaf in 2009:

- Die studentesentrum wat in Oktober 2009 op dié kampus voltooi is, huisves winkels, 'n outobank, studenteraadskantore, 'n kafeteria, 'n eetlokaal en 'n meerdoelige saal.
- Dieregesondheid op die Mafikengkampus kry ook 'n groot hupstoot met die kantoorblok wat die Universiteit in 2009 begin bou het. Die geriewe soos store en krale vir die diere is ook uitgebrei.
- Bestaande koshuise is in 2009 opgegradeer.

Beplanning vir 2010:

- Die Universiteit gaan in 2010 'n nuwe gebou oprig vir Natuurwetenskappe. Dié tweeverdiepinggebou sal laboratoria, 'n bronesentrum (biblioteek en rekenaarlokale) en lesinglokale insluit. Een van die lesinglokale sal 'n unieke ontwerp hê. Die banke waar die studente sit, sal voor in die lokaal wees, met los stoele en tafels agterin vir groepwerk.
- Twee koshuise, wat voorsiening sal maak vir blyplek vir 207 voorgraadse- en 207 nagraadse studente, gaan in 2010 gebou word. R40 miljoen wat deur die Onderwysdepartement voorsien is, sal gebruik word vir dié koshuise en gepaardgaande infrastruktuur.



Infrastruktuur is prioriteit op dié kampus

Vra 'n mens die alumni van die **Potchefstroomkampus** wat hulle van die kampus onthou, sal baie dadelik aan die statige wit hoofgebou dink, terwyl ander dalk die ou Londense plataanbome in "*Lovers Lane*" sal onthou. Vandag is die kampus egter 'n toonbeeld van die Universiteit se strewe om net die beste infrastruktuur daar te stel vir die studente en personeel.



DIE NWU HET IN 2009 nie net 'n nuwe gebou en parkeerterrein op die Potchefstroomkampus opgerig nie, maar ook bestaande geboue aangepas en opgeknop. Planne vir 2010 sluit nuwe geboue vir Ekonomiese Wetenskappe, Ingenieurswese en Opvoedkunde in.

Bouwerk en instandhouding in 2009:

- In 2009 het die Fakulteit Teologie uiteindelik 'n eie gebou in Molenstraat gekry, nadat hulle nog altyd 'n gebou van die Gereformeerde Kerk gebruik het.
- Die Senrio-gebou oorkant die park by die Bult het nuwe intrekke gekry. Stads- en Streeksbeplanning en Geografie het na die De Klerk-huis en die Lettie du Plessis-gebou getrek. Senrio is nou die nuwe tuiste van die Krediteure-afdeling en Inligtingstegnologie Sentraal.
- Die dameskoshuise Kasteel en Klawerhof is in 2009 opgegradeer.
- Die Universiteit het 'n parkeerterrein naby die De la Rey-saal gebou. (Die asbesgeboue wat daar was, is gesloop.)
- Die Chemie- en Biochemie-gebou is opgegradeer, met die fokus veral op die laboratoria.

Groot planne vir 2010:

- In 2010 gaan die Universiteit op die parkeerterrein langs

die gebou van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe 'n nuwe gebou oprig. Dit sal twee lesingsale met 350 sitplekke elk, en twee met 200 sitplekke elk huisves.

- Daar is reeds begin om 'n verblyfkompleks (Sport Village) op te rig op die Fanie du Toit-sportterrein naby die ENB-Hoëprestatie-instituut (HPI) in Loopstraat, agter die krieketstadion. Dié kompleks sal in April 2010 voltooi word en kommersieel bedryf word. Dit sal blyplek verskaf aan sportlui wat by die HPI oefen. Buiten 80 dubbelkamers, sal dit ook konferensie- en ontspanningsgeriewe en 'n restaurant hê.
- Chemiese en Elektriese Ingenieurswese gaan 'n nuwe kompleks kry langs die spoorlyn waar die anneks-asbesgeboue tot nou toe was. Dit sal voorsiening maak vir kantore, laboratoria, werksinkels en lesinglokale.
- Die Fisika-gebou sal ook in 2010 opgegradeer word.
- Tegniese Onderwysersopleiding (Fakulteit Opvoedkunde) gaan in 2010 'n skrynwerksinkel kry.
- Bouwerk aan 'n nuwe kiosk op die suidkampus is reeds in 2009 begin. In 2010 sal die ou Ampie in sy nuwe gedaante in gebruik geneem word. Dit sal twee bedieningspunte en 'n groter sitarea hê.
- Exelsior-manskoshuis sal in die tweede helfte van 2010 opgegradeer word.



Váál is dié kampus BESLIS NIE

Wanneer 'n mens vir die eerste keer op die **Vaaldriehoekkampus** kom, wil jy jou ál verbeel dat jy by 'n vakansieoord is en binnekort gaan lyn natmaak in die sonblik water van die Vaalrivier.



DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS is op die oewer van die Vaalrivier geleë, in 'n verklaarde natuurreservaat. Die boomryke graswalle langs die rivier en die talle wildspesies wat op die kampus rondloop dra verder by om 'n besondere atmosfeer op dié kampus te skep.

Onder dié rustige uiterlike pols daar egter 'n aktiewe akademiese en studentelewe. Die NWU belê doelgerig in die infrastruktuur op dié kampus om steeds beter geleenthede aan studente te bied.

Bouwerk in 2009:

- Onderrig-leer op dié kampus het 'n hupstoot gekry toe Gebou 12 (naby die ou koshuise) in 2009 opgerig is. Dié gebou spog met twee lesinglokale met 320 sitplekke elk, en vier met 200 sitplekke elk.
- Die Faranani-afkampuskoshuise is ook in 2009 opgegradeer.

In die pyplyn vir 2010:

- 'n Studentesentrum gaan in 2010 opgerig word by die bestaande Gebou 5, wat tans die Studenteraadskantore huisves.
'n Groot onderdak eetarea en 'n radiostasie word vir die eerste fase beplan.
- Tegniese Onderwysersopleiding in die Skool vir Opvoedkunde gaan 'n nuwe kompleks kry wat onder meer werksinkels gaan insluit.
- Opvoedkunde gaan nog verder baat: hulle gaan ook 'n akademiese gebou in 2010 kry. Dit gaan kantore, laboratoria en lesinglokale huisves.

Een van hierdie lesinglokale sal dieselfde wees as die een wat op die Mafikengkampus in hul nuwe nuwe Natuurwetenskap-gebou ingerig word. (Sien artikel op p27.)



Raad hou 'n WAKENDE OOG

TERWYL DIE INSTITUSIONELE BESTUUR

van die Universiteit die dag tot dag bestuur van die Universiteit hanteer, is die Raad vir die korporatiewe bestuur van die Universiteit verantwoordelik. Dit doen hulle deur toe te sien dat die Universiteit volgens die NWU-Statuut en die Wet op Hoër Onderwys bestuur word.

Die Raad vergader vier keer per jaar. Tussen vergaderings hanteer die Raad se Uitvoerende Komitee dringende sake en rapporteer daarvoor aan die Raad tydens die volgende vergadering.

Interessante feite oor die raadslede:

- Daar is 18 alumni van die voormalige Vista-Universiteit, die Universiteit van Noordwes en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) op die Raad.
- Raadslede het in lande soos Engeland, Frankryk, Duitsland, die VSA, en Oostenryk studeer.
- Behalwe vir die studenteverteenwoordigers, is me **Letlotlo Letlape** die jongste raadslid. Sy het haar honneursgraad onder mnr Theo Venter, politieke raadgever van die Visekanselier, voltooi. Boonop was sy in Karlensdameskoshuis op die Potchefstroomkampus, terwyl 'n ander raadslid, prof Fika Janse van Rensburg, die koshuisvader was.
- Prof **Fika Janse van Rensburg** is onder meer bekend vir sy deelname aan die radioprogram, "Wat sê die Bybel". 'n Ander radiopersoonlikheid is mnr **Simon Mohapi**. Hy bied weeksgogende finansiële programme aan op Radio Lesedi en Radio Motswedding.
- Die Raadslede wat die verste woon, is me **Itumeleng Pooe** en mnr **JJ Tabane** van Kaapstad en me **Hanneli Rupert-Koegelenberg** van die Paarl.
- Me Hanneli Rupert-Koegelenberg, 'n operasangeres van formaat, is die dogter van die sakereus, wyle dr Anton Rupert.
- Raadslede volg uiteenlopende beroepe. Die Voorsitter, mnr **Peet van der Walt**, was voorheen 'n medestigter van 'n groep wat bekostigbare primêre gesondheidsorg verskaf het aan veral persone wat nie 'n mediese fonds kon bekostig nie. Daarna was hy die Bedryfshoof van FNB Bank se afdeling vir Persoonlike Bankdienste. Mnr **Johnny Thabane** is 'n lid van die Burgemeesterskomitee van die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit in die Vaaldriehoek-omgewing. Dr **Johan van Zyl** is die Hoof- Uitvoerende Beampste van Toyota SA en is onlangs bevorder tot slegs een van vyf nie-Japanese Besturende Beampstes in die Toyota Motor Corporation (TMC).
- Prof **Christo van Wyk** van die Vaaldriehoekkampus is al vir 12 jaar 'n knap boogjagter. Hy het die kuns al so verfyn dat die kinetiese energie van sy kragboog die pyl teen 243 voet per sekonde laat trek.
- Prof **Themba Mosia** is baie geïnteresseerd in vervoermiddels, veral seevervoer. Sy belangstelling sluit byvoorbeeld bote en skepe in bottels in.
- Dr **Chris Reinecke**, 'n internasionale steenkoolspe-

Verskeidenheid bly maar die potpourri van die lewe.

Die NWU-Raad is 'n goeie voorbeeld hiervan. Raadslede het uiteenlopende agtergronde, vaardighede en ervaring. Hulle is ook divers wat geslag, ras en ouderdom betref.

Te midde van dié verskeidenheid is daar egter ook eenheid: almal se doelwit is om te doen wat die beste vir die NWU is.

sialis, is die broerskind van prof Carools Reinecke, wat 'n rektor van die voormalige PU vir CHO was.

- Die Ondervoorsitter van die Raad, dr **Sanki Mthembi-Mahanye**, was een van twee studente wat in 1976 vir oud-president Thabo Mbeki in Swaziland gaan wakker klop het met die nuus dat die studente-opstand in Soweto begin het. Die ander student was prof Barney Pityana, wat tans die Visekanselier van Unisa is. Dr Mthembi-Mahanye, 'n voormalige Minister van Behuising, het al kortverhale geskryf en 'n bundel gedigte gepubliseer. Prof **Jan Swanepoel** is ook 'n digter van formaat. Dr Mthembi-Mahanye was Studenteraadsvoorsitter van die Turfloopkampus van die voormalige Universiteit van die Noorde. In dieselfde tyd was dr **Theuns Eloff**, Visekanselier van die NWU, Studenteraadsvoorsitter van die voormalige PU vir CHO.
- Dr **Douw Breed** was Ondervoorsitter van die Studenteraad van die voormalige PU vir CHO toe dr Eloff Voorsitter daarvan was.
- Mnr **Flip Buys** het gehelp om die ou Mynwerkersunie te transformeer na die huidige beweging, Solidariteit.
- Dr **Fritz Kok** is 'n voormalige Uitvoerende Hoof van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV).
- Baie alumni sal seker nog die driehoekige kondensmelklekkerny, bekend as "Dirkie" onthou. Dr **Dirk Herman** se pa was hiervoor verantwoordelik en het die oorspronklike "Dirkie" na hom vernoem.

Die volgende verteenwoordigers van die **Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad** dien tans in die Raad:

- Mnr Eugene Khokhong – Mafikengkampus
 - Me Adele Croucamp – Potchefstroomkampus
 - Mnr Nkosinathi Mashinini – Vaaldriehoekkampus
- Die volgende lede van die **Institusionele Bestuur** woon die Raadsvergaderings by:
- Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
 - Mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling
 - Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge
 - Prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
 - Prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus
 - Prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus
 - Prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekkampus

AANSTELLINGS DEUR DIE MINISTER VAN ONDERWYS



LEDE UIT DIE PRIVATE SEKTOR WAT
DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT IS:



LEDE AANGEWYS UIT DIE GEMEENSAP



LEDE VAN DIE SENAAT



Prof Marlene Verhoef

SEKRETARIS VAN DIE RAAD



LEDE MET SPESIALE KUNDIGHEID



LEDE VAN DIE BESTUUR

- 'n Toonaangewende universiteit

Die Noordwes-Universiteit se unieke karakter bestaan uit uiteenlopende en innoverende dimensies wat oor al ons aktiwiteite en bedrywighede heen strek.

Innoverende leiding

- Die Visekanselier, dr Theuns Eloff is die voorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite.
- Vir die derde agtereenvolgende jaar wenner van PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir uitnemendheid in Hoëronderrig.
- Die Technologies Mees Innoverende Hoëronderrysinstelling in die 2008-kompetisie van die Nasionale Innovasiefonds.
- Toekenning deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad vir die grootste bydrae tot meertaligheid en nasiebou gedurende die afgelope tien jaar in die Suid-Afrikaanse hoëronderryssektor.

Akademie stabiel en suksesvol

- Meer as 47 000 studente in 2008 op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus.
- 'n Voorgaadse slaagsyfer (kontak en afstand) van 81,2% in 2008.
- 'n Rekordgetal van 12 337 grade is in 2008 toegeken.
- Het die sesde meeste meestergrade en die vyfde meeste PhD's in die land in 2007 toegeken, altesaam 742.

Kwaliteitsnavorsing en implementering van kundigheid

- 1 089 navorsingsuitset-eenhede in 2008, met 103 Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers, altesaam 11% van akademiese personeel.
- In 2008 het die Universiteit 'n geraamde 502 publikasie-uitseteenhede opgelewer, 'n styging van meer as 100 sedert 2007.
- Die NWU hou 29 RSA-patente, waarvan ses ook in die VSA geregistreer is.
- Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n strategiese prioriteit, met meer as 200 projekte wat tans aan die gang is.

Ontwikkeling van goed afgeronde studente

- Die afgelope vyf jaar onder die topuniversiteite in Suid-Afrika in die belangrikste sportkodes.
- 'n Suksesvolle ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport, 'n Rugby- en 'n Sokkerinstituut, asook 'n Krieket- en 'n Hokkieakademie.
- Kore en kultuurgroepe wat nasionaal en internasionaal hul merk maak.
- 'n Sterk menseregtekultuur met 'n groot verskeidenheid beradings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

Gee die toon aan

www.nwu.ac.za